Date : August, 08 , 2010 Publication : Rapport Page Number : 12

Groep vir Afrikaanse vroue kyk na armes

Mee. Hettie Brittz (links agter) en Alette-Johanni Winckler (regs agter) is die beskermvroue van Vroue in Aksie. Winckler hou vir Lian (10 weke) vas. Voor sit me. Lindie Strydom, skakelbeampte van Helpende Hand, met haar tweeling Nina en Hugo (3), en agter haar staan haar seun Paul (5). | FOTO: SANET SCHOLTZ

CARIEN KRUGER IN PRETORIA
carien.kruger@rapport.co.za

Afrikaanse Christenvroue kan deur 'n nuwe vroueorganisasie betrokke raak by die stryd teen armoede onder Afrikaanses.

Solidariteit Helpende Hand se pas gestigte Vroue in Aksie sal volgens me. Lindie Strydom, skakelbeampte van Helpende Hand, uitsluitlik 'n sosiaal-maatskaplike fokus hê.

Strydom, wat vroeër die rol van Karin in die sepie *Egoli* gespeel het, sê baie vroue het 'n hartsbegeerte om armes te help, maar hulle weet nie hoe nie, het min tyd, en voel oorweldig deur die groot nood.

Vroue in Aksie wil bevoorregte vroue oplei en bemagtig om ander te kan help, onder meer deur dit wat nodig is in kleiner, doenbare dele op te breek.

Vroue wat reeds in arm gebiede *help - dikwels vroue wat self* daar woon - se kennis sal ingespan word sodat hulle ander vroue kan mentor.

Die organisasie sal veral na die behoeftes van vroue, kinders en gesinne kyk.

Vroue in Aksie wil onder meer *minderbevoorregte ma's oplei* sodat hulle weet watter stimulasie kinders vir hul ontwikkeling nodig het.

Benewens sy fokus op aktiewe optrede, wil Vroue in Aksie ook 'n spreekbuis oor Afrikaanse maatskaplike kwessies wees.

Dr. Danie Langner, uitvoerende direkteur van Helpende Hand, sê Suid-Afrika is in 'n armoedekrisis vasgevang.

In die Afrikaner-gemeenskap *het armoede sedert 1994 met* 150% gestyg.

Volgens prof. Flip Smit, demograaf, is sowat 600 000 Afrikaners besig om in armoede te verval.

Langner sê die geskiedenis het bewys vroue het ná die Anglo-Boereoorlog en tydens die Depressiejare 'n sleutelrol gespeel om deur opheffing van gemeenskappe die armoedesiklus te verbreek.

Strydom sê dis tyd dat Afrikaanse vroue "opstaan en hoop gee". Slegs 2% van Afrikaanse vroue is by vroueorganisasies betrokke.

Me. Hettie Brittz, vrou van die gospelsanger Louis Brittz wat vroeër vanjaar tydens 'n *huisroof verkrag is, en me. Alette-*Johanni Winckler, vrou van die sanger Heinz Winckler, sal die beskermvroue van die organisasie wees.

Strydom sê Vroue in Aksie gaan deur 'n interaktiewe webblad vroue in die land in kontak met mekaar bring om idees uit te ruil, mekaar te ondersteun en nasionale projekte met mekaar te verbind.

Sy gaan ook 'n radioprogram *op die internet aanbied.*

Vroue kan betrokke raak deur takke in hul gemeenskappe te stig om armoede daar te beveg, of hulle kan ondersteuners word wat maandeliks R30 bydra.

Vroue in Aksie wil ook die talle Afrikaanse vroue in die buiteland betrek om geld te skenk of hul netwerke daar in te span om te help.

Vroue in Aksie se eerste projek is om betrokke te raak by *Helpende Hand se bestaande* kosblikkieprojek, wat kos aan kleuters voorsien en ma's as dagmoeders oplei.

Vir meer inligting bel ☎ 0861 25 24 23 of besoek www.helpendehand.co.za.